testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

# NOVEMBER 2020

**GRAAD 10**

# EKONOMIE

**(VRAESTEL 2)**

EXEMPLAR

**TYD:** **2 uur**

**PUNTE:** **150**

**14 bladsye**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord DRIE vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:

   - AFDELING A: VERPLIGTEND.
   - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   - AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Oortollige antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoord ooreenstem met die kognitiewe vereistes van die vrae.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

5. Skryf die nommer van die vraag bo-aan elke antwoord neer.

6. Lees die vrae aandagtig deur.

7. Begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.

8. Los 2 – 3 reëls oop tussen onderafdelings van vrae.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

11. Skryf netjies en leesbaar.

EXEMPLAR

EXEMPLAR

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE VRAE** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Goedere wat gebruik kan word om ŉ ander te vervang.

A Komplementêre goedere
B Ekonomiese goedere
C Substituut goedere
D Vrye goedere

1.1.2 Nut wat die verbruiker verdien deur addisionele eenhede van ŉ produk te verbruik.

A Totale nut
B Marginale nut
C Waarde nut
D Ekonomiese nut

1.1.3 Die kombinasie van geproduseerde goedere weerspieël die maksimum nut van die verbruiker.

A Allokeringsdoeltreffendheid
B Produktiewe doeltreffendheid
C Pareto-doeltreffendheid
D Gekombineerde doeltreffendheid

1.1.4 Wanneer die hoeveelheid van ŉ spesifieke goed wat voorsien word, groter is as die vraag na daardie spesifieke goed.

A Markewewig
B Markmislukking
C Marksurplus
D Marktekorte

1.1.5 Formele vergaderings tussen vakbondverteenwoordigers en die werkgewers.

A Kollektiewe bedinging
B Bedingingsraad
C Werkplekforums
D KVBA (CCMA)

1.1.6 Watter effek sal meganisasie op arbeid hê as daar ŉ toename in die gebruik van masjiene vir produksie is?

A Afname in vraag na arbeid
B Toename in die vraag na arbeid
C Afname in die aanbod van arbeid
D Arbeid sal ongeaffekteer wees

1.1.7 Die monetêre en fiskale beleid wat deur die regering gebruik word vorm deel van die ... -beleid.

A groei
B aanbodkant
C vraagkant
D NEDLAC

1.1.8 Die organisasie wat verantwoordelik is vir die publikasie van arbeidsmagnavorsing in Suid-Afrika.

A SAID
B Statistieke Suid-Afrika
C Departement van Arbeid
D Menseregtekommissie van Suid-Afrika

(8 x 2) (16)

EXEMPLAR

1.2 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat ooreenstem met ŉ item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – I) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Komplementêre goedere | A Ekonomiese toestand waar hulpbronne nie verskuif kan word om een individu beter af te maak sonder om ten minste een ander individu slegter af te maak nie |
| 1.2.2 Onvolmaakte mark | B Goedere wat saam met ander goedere gebruik word |
| 1.2.3 Pareto-doeltreffendheid | C Beskerm werknemers van alle sektore ongeag of hulle in ŉ vakbond is of nie |
| 1.2.4 Oortollige aanbod van arbeid | D Goedere wat in plaas van ander goedere gebruik kan word |
| 1.2.5 Wet op Basiese Diensvoorwaardes | E Strategie wat gebruik word om arbeidsmagdeelname van gemarginaliseerde groepe te verhoog |
| 1.2.6 Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging | F Die hantering van arbeidsgeskille soos onbillike ontslag |
| 1.2.7 Arbeidshof | G Verkopers van goedere het die mag om pryse vas te stel |
| 1.2.8 Herverdeling van inkomste | H Oordrag van inkomste en welvaart van sommige individue aan ander deur middel van sosiale meganismes soos belasting, liefdadigheid, welsyn, openbare dienste, grondhervorming en monetêre beleid |
| | I Wanneer die aanbod vir arbeid meer is as die vraag na arbeid in ŉ spesifieke sektor |

(8 x 1) (8)

EXEMPLAR

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer. **(Geen afkortings en akronieme word toegelaat nie)**

1.3.1 Die motorbedryf is ŉ voorbeeld van hierdie tipe onvolmaakte mark

1.3.2 Die maksimum bedrag wat ŉ verbruiker bereid is om vir ŉ goed of diens te betaal

1.3.3 Die laagste prys wat verbruikers van ŉ produk aan die eienaar van ŉ produk moet betaal

1.3.4 Mense tussen die ouderdomme van 15 en 65 wat bereid en in staat is om te werk

1.3.5 ŉ Vereniging om werkers te help onderhandel met werkgewers oor lone, ure, voordele en ander werksomstandighede

1.3.6 Die proses waarin die regering eienaarskap van ondernemings in die private sektor oorneem

(6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

EXEMPLAR

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die volgende drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE vereistes vir die vestiging van 'n mark. (2 x 1) (2)

2.1.2 Wat is die *wet van vraag*? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die volgende spotprent en beantwoord die vrae wat volg.




**[Bron*: https://thetechpanda.com/*]**

2.2.1 Identifiseer die markstruktuur wat deur die spotprent geïllustreer word. (1)

2.2.2 Gee EEN voorbeeld van 'n mark in Suid-Afrika met slegs een verskaffer. (1)

2.2.3 Hoe kan verbruikers in die spotprent voordeel trek uit 'n tweede kruidenierswinkel? (2)

2.2.4 Verduidelik kortliks die term *oligopolie*. (2)

2.2.5 Identifiseer die kriteria wat gebruik word om 'n markstruktuur te bepaal. (4)



EXEMPLAR

2.3 Bestudeer die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg.

Mnr. Sibanda is die hoof van die Sibanda-huishouding. Hy bepaal hoeveel van die huishouding se inkomste aan kos en klere bestee kan word. Nadat hy na die begroting gekyk het, maak hy die volgende gevolgtrekking:

| **Voedselitems** | **Kledingstukke** |
|---|---|
| 30 | 10 |
| 25 | 13 |
| 15 | 20 |
| 5 | 35 |

2.3.1 Hoeveel voedselitems kan gekoop word as mnr. Sibanda 20 kledingstukke koop? (1)

2.3.2 Volgens die tabel, hoeveel kledingstukke sal verbeur word as mnr. Sibanda besluit om 25 voedselitems in plaas van 15 te koop? (1)

2.3.3 Wat is die doel van 'n begrotingslyn? (2)

2.3.4 Identifiseer een kenmerk van onverskilligheidskurwes. (2)

2.3.5 Gebruik die inligting in die tabel hierbo en teken die onverskilligheidskurwe vir die Sibanda-huishouding. (4)

2.4 Onderskei tussen *direkte* en *indirekte belasting*. (8)

2.5 Beskryf die eksterne faktore wat die posisie van 'n Produksiemoontlikheids-kurwe affekteer. (8)

**[40]**

EXEMPLAR

EXEMPLAR

**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE arbeidswette in Suid-Afrika. (2x1) (2)

3.1.2 Wat is die belangrikheid van die Werkloosheidsversekeringsfonds? (1x2) (2)

3.2 Bestudeer die volgende artikel en beantwoord die vrae wat volg.

**Vakbond-bekommernisse vertraag Cell C se CCMA-proses**

DURBAN – "Die artikel 189-konsultasieproses by Cell C wat deur die KVBA (Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie) gefasiliteer is, is Vrydag vertraag weens klagtes wat georganiseerde arbeid gelewer het," het die maatskappy gesê.

Cell C, Suid-Afrika se derde grootste telekommunikasiemaatskappy, het ŉ artikel 189-konsultasieproses begin met die Inligtingskommunikasietegnologie Unie (ICTU), die meerderheidsunie in sy bedrywighede, oor sy voorgestelde plan om 40 persent van sy personeel te verminder.

"Cell C is van mening dat die ICTU vertragingstaktieke in hierdie proses gebruik," het die maatskappy gesê.

**[*https://www.iol.co.za/business-report/companies/trade-union-concerns-delay-cell-c-ccma-process-50485416*]**

3.2.1 Hoeveel werkers sal volgens die voorstel van Cell C hul werk verloor? (1)

3.2.2 Gee een voorbeeld van ŉ vakbond wat in die artikel genoem word. (1)

3.2.3 Wat is die belangrikheid van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes? (2)

3.2.4 Noem een moontlike rede vir die voorgestelde werksbesnoeiings deur Cell C. (2)

3.2.5 Waarom is dit voordelig vir ŉ werknemer om by ŉ vakbond aan te sluit? (4)

3.3 Bestudeer die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**Jong professionele persoon kry 'n loopbaanhupstoot van PSETA**

Een van die organisasies wat jong professionele persone in die openbare sektor in staat stel om professionele rekeningkundige aanwysings te kry, is PSETA. In hul laaste inname van leerlingskappe (2018/2019) vir gegradueerdes en professionele persone in die openbare sektor het een gelukkige jong dame, Asanda Nojilana, gesien hoe haar loopbaan 'n hupstoot kry nadat sy aansoek gedoen het vir 'n leerlingskap om 'n Rekeningkundige Tegnikus [RT (SA)] professionele rekeningkundige benaming te volg, aangebied deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR).

Die Publieke Dienste Sektor Onderwys- en Opleidingsowerheid is een van die 21 Sektorale Onderwys- en opleidingsowerhede wat gevestig is ingevolge artikel 9 (1) en (2) van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (Nr. 97 van 1998 soos gewysig). Die Wet op Vaardigheidsontwikkeling is die wet wat dit vir ons moontlik maak en rigting gee as 'n Sektorale Onderwys- en opleidingsowerheid, soos uiteengesit in artikel 10 van die wet.

[*https://mg.co.za/special-reports/2020-07-08-young-professional-gets-a-career-boost-from-pseta/*]

3.3.1 Waarvoor staan die afkorting PSETA? (1)

3.3.2 Volgens die uittreksel, watter individue sal baat vind by leerlingskappe wat PSETA aanbied? (1)

3.3.3 Verduidelik wat 'n leerlingskap is. (2)

3.3.4 Waarom is vaardigheidsontwikkeling so belangrik? (2)

3.3.5 Verduidelik kortliks TWEE fokusareas van die regering om die ongelykhede van die verlede aan te spreek. (4)

3.4 Onderskei tussen enige TWEE tipes werkloosheid. (8)

3.5 Bepaal die funksies van die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA). (8)

**[40]**

EXEMPLAR

**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**
**40 PUNTE– 30 MINUTE**


4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE regeringsvlakke in Suid-Afrika. (2 x 1) (2)

4.1.2 Beskryf die term *nut*. (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die volgende grafiek en beantwoord die vrae wat volg.

Produksiemoontlikheidskurwe van 'n elektroniese vervaardiger




4.2.1 Identifiseer die punt op die grafiek waar optimale produksie van selfone en tablette plaasvind. (1)

4.2.2 Wat gebeur by punt C? (1)

4.2.3 Waarom is die Produksiemoontlikheidskurwe belangrik vir vervaardigers? (2)

4.2.4 Verduidelik waarom ons nie kombinasie D kan produseer nie. (2)

4.2.5 Teken 'n grafiek wat illustreer hoe die PMK geaffekteer sal word as ons meer tablette kan vervaardig sonder om die produksie-uitset van selfone te beïnvloed. (4)

EXEMPLAR

4.3 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**Makhura gee ŉ uiteensetting van die beste-en slegste geval werkscenario's vir Gauteng**

Personeelskrywer 20 Mei 2020

"Die Covid-19 inperking het ŉ beduidende impak op die Suid-Afrikaanse ekonomie gehad en sal lei tot honderde duisende verliese aan werksgeleenthede," sê David Makhura.

Makhura het Dinsdag (19 Mei) die Gautengse Wetgewer toegespreek en gesê dat die Provinsiale Regering ŉ aantal uitgebreide modelle ontwikkel het om te analiseer hoe ernstig werksverliese in die provinsie gaan wees.

Alhoewel hierdie modelle oorspronklik getoon het dat die provinsie ongeveer 600,000 werksgeleenthede as ŉ lae skatting kan verloor, is hierdie getal nou hersien en aansienlik hoër aangepas, het hy gesê.

In die beste geval-scenario sal ons ongeveer 890,000 mense in die provinsiale ekonomie hê wat werksgeleenthede verloor.

"In die ergste geval-scenario sal die aantal verlore werksgeleenthede ongeveer twee miljoen wees. Met die geskatte aantal werksverliese wat na verwagting nasionaal sewe miljoen sal beloop, is dit duidelik redelik erg."

Makhura het gesê dat die regering ŉ spesiale ekonomiese stimulus sal moet instel om hierdie werksverliese te help vergoed.

**[*https://businesstech.co.za/news/business/399511/makhura-outlines-the-best-and-worst-case-job-scenarios-for-gauteng/*]**

4.3.1 Wie is David Makhura? (1)

4.3.2 Wat is die hoofrede vir die werksverliese volgens die uittreksel? (1)

4.3.3 Definieer kortliks *werkloosheid*. (2)

4.3.4 Waarom is werkloosheid ŉ groot bekommernis vir die regering? (2)

4.3.5 Verduidelik die uitwerking van werkloosheid op ŉ individu. (4)

4.4 Bespreek die kriteria waaraan goedere moet voldoen om in aanmerking te kom vir handel op internasionale markte. (8)

4.5 Verduidelik waarom sommige groepe mense ekonomies gemarginaliseer word in Suid-Afrika. (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**



EXEMPLAR

**AFDELING C**

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jy sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br><br>• ŉ Goeie begin is om die sleutelkonsep wat in die vraag voorkom, te definieer of te omskryf.<br>• Moenie in die inleiding enige deel van die vraag insluit nie.<br>• Moenie enige gedeelte van die inleiding in die liggaam herhaal nie.<br>• Vermy om in die inleiding te sê wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam:**<br><br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail/In diepte bespreking/Ondersoek/ Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/ Differensieer/Verduidelik/Assesseer/Debatteer | Maks. 26 |
| **Addisionele deel:** Gee eie mening/Bespreek krities/ Evalueer/Evalueer krities/Teken ŉ grafiek en verduidelik/ Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Bereken/Lei af/ Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/ Hoe?/Voorstelle | Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking**<br><br>Enige hoërorde gevolgtrekking behoort die volgende te bevat:<br><br>• ŉ Kort opsomming van wat reeds bespreek is sonder om feite wat alreeds genoem is te herhaal<br>• Enige opinie of waarde-ontleding van die bespreekte feite<br>• Addisionele ondersteunende inligting om die bespreking/ analise te staaf<br>• ŉ Teenstellende sienswyse met motivering, indien nodig<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

EXEMPLAR

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

Markte speel ŉ belangrike rol in die alledaagse werking van die Suid-Afrikaanse ekonomie.

- Bespreek breedvoerig hoe die wisselwerking tussen vraag en aanbod die prys van goedere en dienste in ŉ vryemarkstruktuur bepaal. (26 punte)

- Analiseer met behulp van ŉ grafiek wat die uitwerking van ŉ produksiesubsidie deur die regering op die markprys van ŉ spesifieke goed of diens sal hê. (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**
**40 PUNTE – 40 MINUTE**

Werkloosheid het ŉ negatiewe uitwerking op individue, besighede, die regering en die samelewing.

- Bespreek werkloosheid breedvoerig onder die volgende opskrifte:
  - Eienskappe
  - Oorsake
  - Gevolge (26 punte)

- Analiseer moontlike oplossings wat die regering kan gebruik om ekonomies gemarginaliseerde groepe te help. (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**

EXEMPLAR